Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

## Kommunikasie uit die Raad

## April 2025

In 'n tyd van groot verandering, maar ook groot geleentheid het die Universiteit Stellenbosch (US) Raad heelwat gehad om by sy vergadering op 31 Maart (die eerste geskeduleerde vergadering van 2025) te bespreek. Die Raad het amptelik afskeid geneem van prof Wim de Villiers op die laaste dag van sy tien jaar in die amp as Rektor en Visekanselier. Prof Deresh Ramjugernath, wat aan die voorberei was om die volgende dag dié amp te aanvaar, is ook welkom geheet.

Die Raadsvergadering was ook die laaste vir prof Stan du Plessis, wat aan die einde van Mei die amp van Bedryfshoof van die US verlaat om hom as uitvoerende hoof by STADIO Higher Education aan te sluit. Die Raad is besonder dankbaar teenoor prof Du Plessis, wat die Universiteit vir langer as twee dekades gedien het – sy vertrek sal 'n groot leemte laat.

Kernaspekte van die Raad se agenda het die volgende ingesluit:

- **Die druk wat aan die begin van die akademiese jaar 2025 met studenteregistrasie ervaar is**. Hoewel studentefinansiering en -registrasie vanjaar doeltreffender as in 2024 bestuur is, is die Raad spyt oor die spanning wat alle belanghebbendes ondervind het. Die Raad gaan voort om hieraan aandag te skenk.
- **Oorweging van die verslag van die Tegniese Komitee vir die Sluiting van CIRCoRe (TCC)**. Die Raad is besonder dankbaar teenoor almal wat by die CIRCoRe-proses betrokke was sedert die komitee in April 2023 tot stand gebring is. Daar is kennis geneem van die baanbrekergesprekke wat CIRCoRe aan die gang gesit het, en van die beduidende positiewe momentum ten opsigte van sekere aspekte van transformasie. Die verskillende aanbevelings wat uit die TCC se verslag voortspruit, sal vir oorweging en gepaste implementering aan die tersaaklike Universiteitstrukture gedelegeer word. Die Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel, prof Nico Koopman, sal hierdie proses lei, met bystand van die Institusionele Transformasiekomitee (ITK). As bevestiging van die groter institusionele verbintenis tot die mandaat van holistiese transformasie, sal prof Ramjugernath voortaan as voorsitter van die ITK optree. Die Universiteit se transformasiereis verg steeds heelwat aandag, onder andere wat betref transformasie in algemene sin, en die skep van 'n groter gevoel van insluiting en samehorigheid vir alle rolspelers. Dit blyk duidelik uit die feit dat die verbetering van die Universiteit se BBSEB-telling 'n belangrike kenmerk is van die jaarlikse telkaart vir 2025, wat sal tred hou met die lewering van kernelemente van die US se strategie en sal sorg dat transformasie 'n integrale deel van elke personeellid se kernprestasiegebiede uitmaak.
- **Die implikasies van die onttrekking van finansiering uit die Verenigde State**. Nes baie ander universiteite, het die US 'n aantal projekte wat deels op finansiering uit Amerikaanse bronne staatmaak. Die implikasies van enige verandering in hierdie finansiering is uiteraard kommerwekkend. Die Rektoraat het 'n krisisgebeurlikheidskomitee tot stand gebring om die nodige inligting en scenario's in te win sodat die Universiteit sy volgende stappe kan bepaal. Ons moet alles moontlik doen om die gehalte, reikwydte en impak van ons navorsing te beskerm. Daarom is hierdie krisiskomitee se beraadslaging en voorgestelde reaksies vir ons

almal van belang. Boonop is dít 'n geleentheid vir die Universiteit om oor die bronne en diversiteit van sy finansieringstelsel te besin sodat die instelling toekomstige storms met 'n mate van gerustheid kan trotseer.

- **Die Ombud se verslag oor 2024**. Die US is een van slegs ses universiteite in Suid-Afrika wat oor 'n Ombud beskik. Die Raad was dankbaar vir die geleentheid om met die US Ombud, adv Rina Meyer, in gesprek te tree. Sy het kerntemas van haar werk in 2024 uitgelig, en ook genoem dat personeel oor die algemeen goed saamwerk om klagtes te hanteer. Nogtans is daar in party administratiewe omgewings 'n behoefte aan beter reaksietye op aanvanklike navrae van die Kantoor van die Ombud. Die Rektoraat het 'n oorsig van prosesse in sekere omgewings van stapel gestuur met die oog daarop om omkeertye te verbeter omdat die Kantoor van die Ombud hulle juis beroem op die vermoë om langdurige kwessies vinnig uit te stryk. Die Raad het gevra dat die Universiteit dit oorweeg om groter blootstelling te gee aan die Ombud se werk en onder meer te benadruk dat die Ombud slegs in sekere gevalle kan help, en ook net eers nadat alle ander interne roetes gevolg is. Verdere inligting oor die Ombud is hier te kry.

Daarbenewens het die Raad prof Ramjugernath se daadkragtige visie vir die US bespreek. Die visie is gegrond op drie kernfokusgebiede: akademiese uitnemendheid; mense, kultuur en prosesse; en vennootskappe en volhoubaarheid.

- Die uitvoerige strategiese implementeringsplan vir dié visie sal in die loop van vanjaar afgehandel word, en die Raad sal tred hou met die lewering van kernelemente van die plan deur die jaarlikse telkaart, wat óók by die vergadering bespreek is.
- Die Raad het ook die vereiste organisatoriese en senior leierskapsveranderinge vir die verwesenliking van die visie oorweeg, en is daartoe verbind om in dié verband met prof Ramjugernath saam te werk.

Die Raad sien uit na 'n jaar vol geleenthede, groei en moed. Dankie aan elkeen wat bereid is om te lei.

**Beste groete**
**Nicky Newton-King**
**Raadsvoorsitter**